

**18 Januarie**

**Ons toekoms is veilig in God se hande**

**Skrifgedeelte: Psalm 31 en Lukas 23:44-49 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 31:6 en Lukas 23:46 (1953-vertaling)**

Wanneer Jesus aan die kruis uitroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor,” dan soek Hy sy laaste woorde sorgvuldig vanuit die Ou Testament uit. Op die oog af lyk dit of Jesus boedel oorgee. Dit lyk asof die dood Hom oorwin, want direk op sy laaste woorde aan die kruis, blaas Hy die laaste asem uit. Hy sterf.

Tog is daar iets wat die omstanders by die kruis nie raak gehoor het nie. Jesus haal sy laaste woorde aan vanuit Psalm 31. Jesus haal nie lukraak aan nie. Koning Dawid dig Psalm 31 wanneer sy koningskap bedreig word. As koning het hy baie vyande gehad, veral vanuit eie kring, soos sy seun Absalom.

Dawid lê egter die toekoms van sy koningskap in die hande van God. Hy druk sy afhanklikheid van God uit deur te sê: “In U hand gee ek my gees oor” (Ps 31:6). God bevestig Dawid se koningskap. Absalom hang aan sy hare in ’n boom.

Wanneer Jesus dus aan die kruis sê: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor,” dan lê Hy die toekoms van sy koningskap in die hande van sy Vader. En sy koningskap word bevestig. Hy staan op uit die dood. Hy oorwin die dood. Hy vaar op na die hemel vanwaar Hy deur sy Woord en Gees as koning heers. Ook ons toekoms is veilig in God se hande. Ons raak benoud as ons na die televisienuus kyk. Ons dink soms daaraan om die land te verlaat om aan die misdaad te ontkom. Maar nee, ons veilige toekoms word nie verseker deur ons eie plannetjies nie. Ons veilige toekoms lê by ’n lewe in afhanklikheid van God.

*Sing: SB 5-1:7*

*Ds. Louis Aucamp (Bloemfontein-Suidheuwels)*